



TOULEIER

'n Oudagse haarsnyplesier



Laas week, so kort voor die uittog uit die Ooste, was dit eers nodig vir 'n haarsny en kies ek oudergewoonte koers na dieselfde haarkapper hier in een van die Haarkapperlane.

Soos met die banke, trek die haarkappers, meestal Indiërs of Pakistani's, hier in Doha ook saam in dieselfde areas. Sodra jy stop en uitklim, spring een en almal op en ding mee vir jou klandisie.

'n Mens kan kies waar jy wil gaan sit vir 'n haarsnyondervinding wat jou terugneem na die ou dae. Daar is nou wel nie die gebruiklike rooi en wit spiraal barbierspaal buite nie, maar stap jy in, is jy terug in die verlede.

Ek is weer in daardie plekkie in die Grootte Kerk deurloop in Adderley straat waar jy in sulke dik rooi opgestopte gestoeltes jou plek opgeneem het as skoolkind om 'n 'short back en sides' te kry. Toe het ek dit gehaat. Vandag is dit 'n lekkerkry nostalgietog.

Wanneer die barbier sy wit baadjie aantrek en my so laat terugsak met 'n trap van die pedaal onder die stoel, dan begin ek spin soos 'n kat. Ek merk hy sit ook vir hom 'n wit papier teatermasker aan. Seker om sy kerrie walms te verberg, wonder ek. Of is dit om hom teen my knoffelasem te beskerm?

Terwyl hy die wit laken so om my nek vastrek en die krinkelpapier kragie in sy plek druk, onderhandel ons oor die lengte en snit. Ek maak seker hy verstaan wat ek wil hê.

Te goed onthou ek nog die dag daar in Hong Kong toe ek vir die man so met 'n sentimeter gaping tussen wysvinger en duim beduie presies net hoeveel ek wil hê hy moet afsny.

Verstaan die man toe mos andersom en stap ek daar uit met my eerste borselkop sedert my weermagdae. Maar hierdie man verstaan mooi en begin deur eers my hare so hier en daar deur die vingers te trek en te beplan waar hy gaan begin snip.

Hy val weg met die skerppunte skêr en kam. Snip snip snip. Ritmies beweeg hy heen en weer oor my hare en word die kop so nou en dan effe die kant toe en effe daai kant toe gedruk om beter te kan bykom.

'n Mens wil wegsluimer van genoegdoening en ek veg om my oë oop te hou. Op die glaskas voor my se rakkies sien ek dat Brylcreem se houer deesdae groen is. Verbeel ek my, of sien ek ook 'n bottel La Pebras daar agter die Vitalis weggesteek?

Die lomerigheid oorval my nou sterk. 'n Nuwe kliënt wat instap ruk my uit my lomerigheid en neem sy plek hier neffens my in. Hom barbier trek ook sy wit baadjie en teatermasker aan. Moet dan seker maar voorsorg teen varkgriep wees, nie vrot asem nie, besluit ek. Hy begin 'n skeerkwas met 'n ryk wit seepskuim voorberei terwyl die nuwe nutbesetene langs my se gesig met 'n warm waslap bedek word om eers sag gestoom te word.

Die skeermes lyk nog steeds soos daardie wat die cowboys gebruik het en wat hulle altyd met 'n skeerstrop geslyp het. Hulle gebruik egter deesdae 'n lemmetjie wat in die mes pas. Ek is nou weer wawyd wakker en hou die spulletjie in die spieël dop. Al geselsend skraap hy stukkie vir stukkie van die man se gesig skoon terwyl hy lemmetjie gereeld afvee aan 'n stukkie sneespapier. Geen bloed op die papier nie. Die man weet wat hy doen.

Ek het nog altyd gewonder of ek ooit 'n ander ou sal toelaat om so naby my slagaar met so 'n stuk gereedskap te werk. Besluit weer eens, nee dankie. Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde.

Behalwe vir die afronding. Kyk, mens mag dit maar oorvertel. Sodra die haarsny klaar is, begin die eintlike lekkerte. Vir seker tien minute lank kry jy 'n Indiese kopvelmassering wat skrik vir niks. Van jou kroontjie tot agter jou blaaie. Van jou skouers tot by jou vingerpunte. 'n Mens wil nie loop nie.

Uiteindelik moet jy maar opstaan en betaal. R30 later stap jy daar uit, 'n nuwe mens met 'n nuwe voorkoms. Die haarsny was amper bysaak.

Hennie Greeff
Gomorra, Duskantland

UITGEWER VAN KAMMANUUS



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Rewolusie van die whêkkas

BELOFTES maak skuld, en as al daai beloftes nou opgeëis word, moet jy mooi trap. Dis die lot wat Jacob Zuma nou in die gesig staar, want die linkse SAKP en Cosatu wil nou resultate sien vir die manier waarop hulle hom met die Polokwane rewolusie en die roemlose uitsmyt van Tafelenbedjie gehelp het.

Die linkses wil sosialisme en die nasionalisering van al wat 'n instansie is in 'n whêkkas paradise hê – teenoor 'n markgerigte ekonomie in 'n kapitalistiese stelsel.

Nou ja, ons weet almal Zuma se voetwerk sal selfs die legendariese Fred Astaire in die skande steek met die manier waarop hy hom uit al wat 'n skandaal was gewikkel het.

► **Roelfie hoop net hy maak hom gereed vir 'n vastrap, want 'n wals gaan nie werk nie.**

❖ Slaap is wondersoet

DIE ANC is toe uiteindelik gedwing om die jongste misdaadsyfers bekend te maak, en dit lyk nie goed nie.

Dwelmverwante misdaad, om een voorbeeld te noem, het met 87% toegeneem sedert die SA Narkotikaburo gesluit is.

Die sluiting van die Roof- en Moordeenheid het dieselfde soort gevolge gehad.

Dis maar wat gebeur in 'n land waar die regering besete is met ras, funksionerende eenhede sluit en hul kundigheid verloor.

En wat doen ons nuwe, onervare minister van polisie terwyl die debat rondom misdaad in die volkiesraad woed? Hy sit en slaap.

► **En Roelfie dink nie hy was besig om verlore slaap in te haal omdat hy snags so hard werk om misdaad te bekamp nie.**

❖ Nig Helen praat reguit

ROELFIE het nie meer helde nie, maar hy het nogal 'n fênsie in nig Helen van die DA en 'n groot respek vir haar werkywer en manier van reguit praat.

Soos verlede week weer, toe sy Jacob Zuma eers geprys en toe aangevat het oor die sterk geluide wat hy oor die bekamping van misdaad maak.

"Dit maak geen sin hoegenaamd om 'n sterk standpunt teen misdaad in te neem, en dan die effektiëste wapen wat ons nog teen misdaad gehad het (die Skerpioene) te sluit nie," het nig Helen gesê.

Daarmee saam was 'n groot gros van ons beste polisiemanne natuurlik ook gans te bleek en moes hulle ander weivelde soek.

Dit help natuurlik ook nie as hofsake teen misdadigers jare lank sloer en dan uitgegooi word omdat die polisie nie hul werk behoorlik gedoen het nie.

► **Zuma wil nou sommer ook die SA Polisie diens weer soos in die oue dae die SA PolisieMAG maak en die ou militêre range terugbring. Wat natuurlik niks gaan help as die mag vol swak opgeleide en korrupte dienders is nie.**

❖ Broer Leier verveel die wêreld

TOE loop staan en verveel Broer Leier van Libië mos die hele VN – behalwe sy paar muishond-vriende, waaronder Duskantland tel – met sy toespraak van ver meer as 'n uur. Die toegedeelde tyd is 15 minute, maar die wêreld se voorste lande het sommer uitgestap nog voordat hy begin het.

Hy het glo ook op sy stoel uitgekrap "We are here."

► **Dis glo omdat hy iemand in die wandelgange hoor sê het: "Ghaddafi is not all there."**

❖ Verstrooide volk

ENGELAND se krieketspan kom een van die dae hier toer, en met vier gewese Duskantlanders in sy span begin dit al meer lyk na 'n tuisreeks vir albei spanne. En dit lyk of die Franse rugbyspan eersdaags met meer as een Boer sal kan spog.

► **En hoe lank gaan dit wees voordat die Wallabies en die All Blacks spog met Vosloos, Pretoriusse en Prinsloos?**



Allegaatjie

'N ODE AAN DIE GOEIE OU DAE



Onthou jy nog die oggende wat jy wakker geword het met melk op jou stoep? Dit het nooit saak gemaak of dit of dit vetvry of 2% lae vet was nie. Toe Weetbix nog die binne-flappe as kaartjies gedruk het met prentjies van voëls en diere. Koeldrank het net in bottels gekom en daar was net twee soorte *chips*: Gewoon en sout-en-asyn.

Kan jy onthou toe almal groot en sterk moes wees? "Eet al jou groente sodat jy groot *muscles* kan hê." Dit was toe Boere- kos nog goedkoop en van die plaas was. Vandag is die gesondste kos die duurste en dalk kom dit nog uit 'n proefbuis. Vitamiene het uit lemoene gekom – lemoene met pitte in. My kind sal nooit glo dat lemoene pitte in gehad het nie. En rugby se rustyd was drie minute lank, somer op die veld, met lemoenskyfies. Die dae toe die Bokke se skrum nog gevrees was.



Wie weet wat is "vasbyt" of "min dae" of "af k-k" tot by "bos bef-k"? Army toe om man te word – vandag se ouens weet nie wat dit is om man te wees nie. Gaan speel maar *paintball* die army het uitgesterf.

En NO.17 was jou bier: LION. Dit het jou wel soos 'n leeu laat poep en brul, maar dit kon ook vir jou maanhare gee. Lion het goed gegaan saam met Boeremeisies, *biker chicks*, rugby, biltong, *live bands*, en loopdop – dis mos my kos daai!



Rooivleis – vandag is goeie vleis skaars en as iets skaars is, is dit baie duur. Maar toe het rooi vleis nie gout gegee nie. En jy het hom gereeld geëet, saam met 'n Lion.

Kinders het vir pa sigarette gaan koop en het met die kleingeld Chappies gekoop en die spykertafel gespeel. Al jou vriende en bure het in die strate kaskar gery, of bok-bok en albaster of tol gespeel. Ons het nog volkspele geoefen op skool. Daar was nie geld nie. Almal kon in die Ford pas vir 'n inry-fliek. En die Cortina was die mooiste kar en almal se droom. .



'n Boeremeisie was nog altyd mooi. Onthou julle nog ons het 'n meisie 'n goose genoem. Die Boeremeisies was baie skaflik en preuts grootgemaak met goeie maniere, asseblief en dankie, en het gedoen wat hulle ouers van hulle verwag het. Maar hulle het ook die lekkerste gevry. Ons het woorde gebruik soos, kief en kwaai, ons het godsdien in die skool beleef, ons kon met die deure oop slaap, en in die aande met ons gesinne rondloop.

Gesinne was baie groter as vandag. Nou kom ons net bymekaar op begrafnisse en soms troues. Kerke was regtig vol en die dood straf het nog orde in die land geskep. Onnies het nog pak slae uitgedeel en kinders het presteer en het respek gehad .

Dit was die goeie ou dae. Ons kinders dink natuurlik dis alles leuens!

SONDIGE NON

Non aan Priester: "Vader ek het gesondig, ek was die hele nag by 'n man."

Priester: "Eet sewe suurlemoene."

Non: "Sal dit my van my sonde reinig?"

Priester: "Nee, maar dit sal die selftevrede glimlag van jou gesig afhaal!"

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Boere verloor toe ook die krieketstryd

Verlede week kyk ek so na die krieketwedstryd tussen Suid-Afrika en Sri Lanka en toe begin my gedagtes dwaal. Dwaal na 'n wedstryd tussen spelers van dieselfde twee lande wat baie jare gelede plaasgevind het.

Trouens, die wedstryd word nou nog deur die kriekethistorici beskou as een van die merkwaardigste krieketwedstryde van alle tye.

Merk kom ek begin die storie voor. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het Engeland Boerekrygsgevangenes na kampe oor die hele wêreld gestuur. Was die omstandighede anders sou 'n mens kon sê na sommige eksotiese bestemmings gestuur.

Een hiervan was Ceylon – of soos ons die eiland vandag ken, Sri Lanka.

Onder die Boere op Ceylon was daar somer goeie krieketspelers. George Sennett was die Vrystaatse paaltjiewagter en P.H. de Villiers het vir die Westelike Provinsie teen die Engelse toerspan van Lord Hawke gespeel.

Die manne wou bitter graag hul talente teen die plaaslike krieket talent meet. 'n Versoek is aan die Britse bevelvoerder op die eiland gerig dat so 'n wedstryd kon plaasvind. Hy het gevoel dat so 'n besluit nie by hom berus nie en die versoek na die Goewerneur verwys.

Ná versigtige oorweging is voorwaardelike toestemming verleen. Onder die voorwaardes was dat die Boere hulle as onder parool moes beskou en nie enige omstrede onderwerp (wat dit ook sou beteken het) met die plaaslike bevolking sou bespreek nie.


Op 5 en 6 Julie 1901 het die wedstryd in Colombo plaasgevind. Die Boere is die vorige aand van Diyatalawa (waar hulle kamp was) na Colombo gebring en hier is hulle in die plaaslike hotel gehuisves.

Die Goewerneur, Sy Edele R. Ponsoby, kon sy nuuskierigheid nie bedwing nie en het self die wedstryd bygewoon.

Die oomblik was te groot vir die Boere. Net Du Plessis (wat op nommer nege kom kolf het) met 25 lopies in die eerste beurt en Kotze (die aanvangskolwer) met 23 lopies in die tweede beurt het die tellinghouers gepla. Otto met sewe paaltjies vir 50 lopies in die plaaslike manne se eerste beurt en De Villiers met 6 paaltjies vir 64 in die tweede beurt het onder die boulders uitgeblink.

Die plaaslike manne het die wedstryd maklik met 141 lopies gewen.

Die een raaisel wat oor die wedstryd bly hang, is waarom daar nie meer van die wedstryde plaasgevind het nie.



Die binnekant van 'n hut vir Boerekrygsgevangenes in Diyatalawa, Ceylon.

Aan boord Vlug 293

Die vliegtuig het sy togsnelheid bereik, en die kaptein kondig aan: "Welkom aan boord vlug 293 van Johannesburg na Kaapstad. Die weer op ons pad lyk goed. Sit gerus terug en geniet die vlug saam . . . F-KK-N BLIKSEM! Stilte volg. 'n Paar sekondes later praat die kaptein weer.

"Dames en here, ek is jammer as julle geskrik het, maar ek het per abuis warm koffie op my skoot gemors. Julle moet sien hoe lyk my broek se voorkant!"

Dis toe dat een van die passasiers vir hom skree:

"Het jy enige idee hoe lyk my broek se agterkant?"



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

OLIFANTE

'n Man ry op 'n stadsbus met 'n koerant op sy skoot. Elke nou en dan skeur hy 'n stukkie papier en gooi dit by die venster uit.

"Verskoon my," sê 'n passasier wat naby hom sit. "Hoekom doen jy dit?"

"Ek jaag die olifante weg," antwoord die man.

"Maar daar is nie olifante in die stad nie!" roep die passasier verbaas uit.

"Wel," sê die man, "dit wys jou net dit werk."



Ek het metaalvulsels in my tande. My yskas se magneetjies trek my aan. Dis hoekom ek nie kan gewig verloor nie.

'N MAAND LAAT

'n Jong man kom een aand tuis. Sy vrou omhels hom en sê: "Liefie, ek het goeie nuus. Ek is 'n maand laat. Ek dink ons gaan 'n baba kry! Maar totdat ons sekerheid kry, mag ons vir niemand sê nie."

Die volgende dag lui 'n man van Eskom die deurklokkie omdat die egpaar nog nie hul rekening vereffen het nie.

"Is u mev. Smit? U is 'n maand laat," sê hy.

"Hoe weet u dit?" stotter die vrou tjie.

"Wel, mevrou, dis in ons lêer," sê die man.

"In jul lêer?"

"Ja, mevrou!"

"Wel, ek sal eers vanaand met my man moet praat."

Die aand vertel sy vir haar man van die besoek.

Mal van woede storm hy vroeg die volgende oggend na Eskom se kantoor. "Wat gaan hier aan?! Dis in julle lêer dat my vrou 'n maand laat is? Hoe wéét julle dit?" skreeu hy.

"Bly net kalm," sê die klerk, "dis niks ernstigs nie. Ál wat jy moet doen, is om ons te betaal."

"Betaal? En as ek weier?"

"Wel, meneer, dan is afsny die enigste uitweg."

"En wat van my vrou?"

"Ek weet nie. Sy sal seker maar 'n kers moet gebruik."

VERKEERDE DAG

Die senior burger is baie ontsteld toe die kafee nie sy Sondagkoerant het nie.

"Maar die koerant kom eers môre.

Vandag is Saterdag!" sê die kafeebaas.

"Magtig!" roep die senior burger uit. "Dan is dit hoekom die kerk vanoggend dolleeg was!"

OOIEVAAR

Die pa neem sy vierjarige dogtertjie eenkant, en sê:

"Ek sien die ooievaar het oor ons huis gevlieg, en ek dink hy gaan kort voor lank 'n bondeltjie plesier hier aflaai."

"Wel," sê die dogtertjie, "pappa beter vir mamma hiervan vertel. Pappa weet sy is swanger, en so iets kan haar so groot laat skrik dat sy 'n miskraam kry."

Geluk is om 'n groot, intieme, liefdevolle familie in 'n ander stad te hê.

-- George Burns

ROOI OOG deur Bill Yates en Mel Cason



Ons vriendjies met vlerkies

Deur REINDERD VISSER

Vlieëvangers

Vandag se vriende hou van vlieë en ander vlieënde insekte.

As jy hierdie reeks tot nou toe gevolg het, sou jy agtergekom het dat elke voël waaroor ons gesels het uitstekend by sy omgewing aangepas het en meestal nogal spesifieke diëte ontwikkel het.

Dink aan die Visarend wat grotendeels vis vang, saadvreters, vrugtevreters en nektardrinkers, om maar 'n paar te noem. Vandag se vriende word nie verniet "vlieëvangers" genoem nie – hulle hou van vlieë en ander vlieënde insekte.

Meer verskillend kan die drie seker nie van mekaar lyk nie, en tog dra hulle dieselfde naam – vlieëvanger. Daar is boonop nog 'n hele paar ander hier by ons en oor hulle praat ek by 'n volgende keer.

Dis nou al sterk somer so as jy gelukkig is behoort jy die mooiste een van die drie in die dorp op te merk.

Ek praat van die **Paradys Vlieëvanger** (*Paradise Flycatcher*) met sy pragtige blou kuifkop, roesbruin lyf en lang stert (terloops, wyfie s'n is bietjie korter). Die dorp, veral waar daar baie bome in tuine is, is 'n ideale blyplek vir die pragtige paradysvlieëvangers.

Hulle is sku en beweeg gewoonlik vinnig tussen die bome deur terwyl hulle vir insekte jag, maar jy sal nie die dag vergeet wanneer jy hulle die eerste keer sien nie. 'n Hoogtepunt sal wees as jy die klein nessie kan sien wat hulle bou. 'n Mens kan jou beswaarlik indink dat hulle met hul lang sterte daarin pas, maar hulle doen! Onthou, die mannetjie help ook die eiers warm sit.

Die gebeur maklik dat 'n mens die **Fiskaalvlieëvanger** (*Fiscal Flycatcher*) met die Fiskaallaksman (of Janfiskaal, soos baie hom ken) verwar. Hulle lyk nogal baie na mekaar, maar die laksman het beslis 'n sterker snawel – amper soos die van 'n roofvoël – terwyl die vlieëvanger s'n tipies insekvangter is, dun en plat na agter.

Sy gedrag is ook tipies soos baie vlieëvangers – hy sit lank op een plek stil en sodra hy 'n insek op die grond sien of wat vlieg, sal hy hom agterna sit en vang, om dan weer terug te kom na dieselfde uitkykpunt. Anders as die paradysvlieëvanger, wat tussen bome aktief is, verkies hy om sy kos in die oopte te vang.

Die kleinste van ons drie vlieëvangers van vandag is die **Feëvlieëvanger** (*Fairy Flycatcher*). As gevolg van sy grootte verkies hy struik eerder as bome vir sy jag- en broeiplek, maar jy sal moet mooi kyk om hom te sien.

Hy is regtig klein en die meeste van sy kos is insekte wat binne die struik rondkruip en vlieg. Vra egter enige voël-entoegas en hy/sy sal sê dat hierdie een van hul gunsteling voëls is om dop te hou.

Sy grootte, kleure, wipstert en hangvlerkies maak hom 'n regte "ag, cute" voëltjie. Hy verdien die naam Feëvlieëvanger.

Terloops, laasgenoemde twee is endemies aan Suidelike Afrika.



PARADYS
VLIEËVANGER



Fiskaal-
vlieëvanger



Feëvlieëvanger

Sober gedagtes

1. As die tyd nie vir jou wag nie, moenie bekommer nie - haal eenvoudig die battery uit die horlosie en geniet die lewe!
2. Om van die lewe te verwag om jou regverdig te behandel oor jy 'n goeie mens is, is soos om te verwag 'n leeu moet jou nie aanval nie omdat jy 'n vegetariër is. Dink mooi daarvoor.
3. Skoonheid word nie gemeet aan ons uiterlike of die klere wat ons dra nie, maar aan ons innerlike. Probeer gerus môre om nakend deur die strate te loop en hou dop vir die bewondering!
4. Moenie loop asof jy die wêreld se heerser is nie, loop eerder asof jy nie omgee wie in beheer is nie - dis nou houding!



So 'n bietjie PITKOS

Oeroue skat in veld in Engeland gekry

Brittanje se grootste vonds van Angel-Saksiese skatte is in Staffordshire gevind waar dit meer as 'n duisend jaar lank begrawe gelê het.

Die vonds bestaan uit 1 500 goud- en silwerstukke wat uit die 7de eeu kan dateer.

Terry Herbert (55), wat die ontdekking met 'n metaalverklikker gemaak het, het gesê:

"Dis die soort ding waarvan metaal-speurders droom."

Dit bestaan uit 5 kg goud en 2½ kg silwer. Herbert prospekteer al 18 jaar lank.

Die skat bestaan hoofsaaklik uit oorlogstoehouersels, insluitende sierknoppe vir swaarde en skilde wat met edelgesteentes ingelê is.

Daar is geen vroulike objekte soos borsspelde en halssnoere nie.

Dit lyk na 'n versameling oorlogstroeë, maar dis nie seker of dit uit een veldslag of 'n klomp veldslae kom nie.

Een van die kenners het gesê die vonds sal 'n revolusie meebring in terme van die verstaan van die Angel-Saksers, 'n Germaanse volk wat Engeland van die 5de eeu tot met die inval van die Noormanne in 1066 geregeer het.

"Dit werp nuwe lig op die Donker Eeue, dis basies wat gaan gebeur," het hy gesê.



Een van die items wat gevind is. Dit dra die Latynse inskripsie:

"Rys, o Heer, en mag u vyande vernietig word en dié wat U haat van my aangesig verdryf word."

Dit het twee bronne, Numeri of Psalm 67, geneem uit die Vulgaat, die Bybel wat die Saksers gebruik het.

Onder is nog foto's van voorwerpe wat opgediep is.



Tel jou seëninge

1. As jy vanoggend opgestaan het met meer gesondheid as siekte, sal jy meer geseënd wees as die een miljoen wat nie die week sal oorleef nie.
2. As jy nog nooit die gevaar van oorlog, die eensaamheid van opsluiting, die pyn van marteling of hongerspyne ondervind het nie sal jy beter af wees as 500 miljoen ander mense.
3. As jy godsdienstvryheid geniet, is jy gelukkiger as 3 miljard mense.
4. As daar kos in jou yskas, klere aan jou lyf en 'n dak oor jou kop is, is jy ryker as 75% van die wêreld se bevolking.
5. As jy geld in die bank, in jou beursie of iewers in 'n houer het, tel jy onder die 8% rykste mense in die wêreld.
6. As jy hierdie boodskap lees, is jy meer bevoorreg as twee miljard ander mense in die wêreld wat glad nie kan lees nie.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Wenke vir plantliefhebbers

Neem 'n stuk oase, maak gaatjies met 'n skerp voorwerp en verwyder die los stukkies. Vul die gaatjies halfpad met 'n bietjie grond, sit saadjies in en gooi weer bietjie grond bo-oor. Hou klam. Sodra die plantjies groot genoeg is om uit te plant, sny hulle los van mekaar en "plant" net so met die oase-stukkies rondom die plantjie in die grond.

Sit steggies ook in stukkies oase in herwinbare houertjies, hou klam en wanneer die wortels uitkom, plant jy die steggie met oase en al.

Leë eierhouertjies kan ook vir saadontkieming gebruik word. Vul met stukkies oase of potgrond, plant die saadjies en hou hulle klam. Plant met eierhouertjie en al.

Dankie vir jul meeewing!

Liewe vriende, moenie dink jul navrae en kommentaar op die SO MAAK MENS webwerf gaan ongesiens verby nie! Dis heerlik om van julle te hoor! Ek help graag.

Baie dankie aan elkeen wat aan my wonderlike resepte en wenke stuur.

So is ek o.a. gevra vir 'n resep vir 'n warm poeding met 'n jellielaag onderin die bak. Wel, SO MAAK MENS:

Resep vir warm poeding

Bring 2 k. water, 1 k. suiker en 1 e. botter tot kookpunt in 'n kastrol met 'n deksel wat dig sluit. Verminder die hitte en laat saggies prut.

Intussen meng jy 2 e. goue stroop en 1 e. botter. Voeg by 1 k. koekmeel, 1 t. gemmer en 1 t. koeksoda opgelos in ½ k. melk.

Skep nou lepelsvol van die deeg in die kokende, pruttende stroop in die kastrol en sit die deksel op. MOENIE loer nie!

Laat stadig gaar stoom vir sowat 30 minute.

Wanneer jy dit oopmaak, sal 'n heerlike gebakte poeding tussen soet, goudbruin jellie vir jou wag!

Lekker saam met room, roomys, dun vla of somer net so! Warm of koud!

Wenk: Doen dit net voor opskeptyd - teen die tyd wat julle klaar geëet het, is die warm nagereg net gereed!

Karoo-groete.

Slim stories oor kos

Kos is 'n belangrike deel van 'n gebalanseerde dieet.

-- Fran Lebowitz (1950 -)

Dit laat my dink aan my safari in Afrika. Iemand het die kurktrekker vergeet, en vir dae lank moes ons net op kos en water oorleef.

-- WC Fields (1880-1946)

Die muurskilderye in restaurante is op dieselfde vlak as die kos in museums.

-- Peter de Vries

Een van die geheime in die lewe is om te eet wat jy wil, en die kosse dit in jou maag laat uitbaklei.

-- Mark Twain (1835-1910)



Vrou eet man se goudvissies

In Pasadena, Texas, was 'n vrou so kwaad vir haar gewese man dat sy hulle goudvissies gebrui en geëet het.

Die sewe goudvissies is aangeskaf toe die twee nog gelukkig getroud was. Hulle het glo vroeër stry gehad oor juweliersware wat hy vir haar gekoop en toe teruggeneem het. Sy wou dit terughê.

Polisiemanne wat na die vrou se huis gestuur is, het haar aangetref met vier gebrui goudvissies op 'n bord. Sy het gesê dat sy die ander drie reeds geëet het. Die polisie het geen aanklag gelê nie en sê hulle beskou dit as 'n siviele saak.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is hulp vir baie mense:

BADENHORST

hendrik@loogkolk.co.za

Ek doen navorsing oor meer as 80 vanne. o.a. Albertyn, Kotze, Louw, De Waal, Esterhuizen, Le Roux, Van der Merwe, Lockhart, Holiday, Smit, Burger, Van Niekerk... ag te veel om op te noem. Ek is aktief betrokke by die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika. (GGSA). Kontak my gerus as ek kan help. Hendrik Louw +27 82 722 6500.

BIHL

pietervp@vodamail.co.za

Kan iemand help, my pa was Sarel Johannes Bihl, gbore 1944. Ek is Rene Bihl van Pletzen, gebore in 1966. Ek weet nie wie my oupa was nie, maar wil graag die stamboom sien.

CAMPBELL

johanneil@vodamail.co.za

Ek is 'n afstamming van dr. Peter Campbell, 1820-Setlaar. Ek is klaar met my navorsing, maar as daar persone is wat van Peter afstam, kontak my.

HATTINGH

hattys@telkomsa.net

Ek is op soek na familie van my skoonpa. Hy was Cornelius Johannes Floris Hattingh en sy pa was Stephanus Petrus Hattingh.

HAYTER

renehayter@hotmail.com

Die eerste Hayter in land was John Samuel Hayter, wat in 1820 met die Bowker Party gekom het. My oupa, Henry George Hayter, was 'n direkte afstammeling.

HEYMAN

paul.kimtrac@mweb.co.za

Ek is 'n nuwe navorser. Op soek na inligting van die Heyman/Hyman familie met die stamname Hendrik Johannes. Ons kinders is geregistreer as Heyman, terwyl my vader en ons oupa as Hyman aangegee word. My vader is op 10 April 1908 op 'n plaas in die distrik Kenhardt gebore as Hendrik Johannes Hyman. Sal later nog inligting verskaf.

PRETORIUS

nicholeens@yahoo.com

Ek is op soek na inligting van Susara Maria gebore Van Zweel 28/4/1904. Getroud met Hendrik Louis Pretorius (1900). Ongelukkig geen ander inligting nie. Suster van Johanna Christina/ Engela Christina/Johanna Gustavis/Aletta Johanna/Carlina Louise Wilhelmina.

VAN BOSCH

annemie@malmesbury.co.za

Ek is op soek na inligting van Jan Antonie van Bosch getroud met Maria Elizabeth Jeanetta Zandberg. Dogter Maria Elizabeth Jeanetta van Bosch gebore 28 Augustus 1896.

VAN DER HOFF

heletjewhite@vodamail.co.za

My agter-oupagrootjie was die eerste predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Voortrekkers. Sy naam was Dirk van der Hoff.

VILJOEN

hcv@sun.ac.za

Skrywer van die *Viljoen Familieregister* wat in 1978 deur die RGN uitgegee is (maar tans uit druk is). Die register word bygewerk om die jongste inligting te bevat met die oog op publikasie in die afsienbare toekoms.

VERSIES OP GRAFSTENE

Harry Edsel Smith, New York :

*1903 +1942.

Hy het in die hysbaksag opgekyk om te sien of die hysbak op pad af is. Dit was.

Ezekial Aikle in Nova Scotia :

Hier lê Ezekial Aikle, ouderdom 102. Net goeie mense sterf jonk.

In Thurmont, Maryland:

Hier lê 'n ateïs. Netjies aangetrek, met nêrens om te gaan nie.

AGTEROS

Jy ken 'n boer van ver af

Deur **BLOUWILLEM**

"Die lekkerste is as jy sommer so van ver af kan sien 'n ou is 'n boer. As jy 'n ou sien wie se regterarm bruiner as sy linkerarm is, hy boer."

Ek het altyd gewens my ou kindertjies kon saam met plaaskinders skoolgaan sodat hulle kan leer visvang, ystervark jag en beesmis tussen hul tone kan voel.

Hierdie naweek het ek daar saam met Bultfontein se boere gekuier toe hulle Meneer Mielie gekies het. Meneer Mielie is die pittige ou wat elke jaar die meeste mielies op 'n hektaar kan produseer vir die skoolfonds.

Hier in die stad moet ons mos pannekoek bak, kaskarre rondstoot en gholfdae en Staatsteaterkonserte reël terwyl hulle daar net elke boer in die distrik kry om 'n ou hektaartjie opsy te sit vir die saak.

En siedaar, die pitte rol!

Oom Johnny, wat saamgery het Vrystaat toe, sê daar's sulke lekker ouens in Bultfontein, hy wens sommer dit was Tshwanetoria se buurdorp.

"Die lekkerste is as jy sommer so van ver af kan sien 'n ou is 'n boer," reken hy. "Jy weet sommer byvoorbeeld as jy 'n ou sien wie se regterarm bruiner as sy linkerarm is, hy boer."

"Of as 'n ou versnel pleks van breek trap as daar 'n jakkals oor die pad hardloop, as die ou 'n hek kan oop- en toemaak sonder om sy gesprek te onderbreek, as hy liever is vir sy trekker as vir sy skoonseun, beter Sotho kan praat as Engels, as hy op die 5de Junie nog kortbroek dra, as sy lande en sy spilpunte netjieser is as sy blomtuin of as hy enigiets behalwe 'n rekenaar kan regmaak met insulation tape, 'n tang en 'n stuk binddraad.

"O ja, en as hy alle vrouens soengroet (veral vreemdes) en die weer beter kan voorspel as die weerburo. Ek sê jou, dis my mense daai! Jy wil mos nie 'n ou wat twaalf en 'n half ton mielies van 'n hektaar kan afhaal, met 'n Pierre Cardin-pak in Sandton sien nie, of hoe?!"

Ja en nou dat die slim ouens uitgevind het dat 'n renduif vinniger is as die internet, is dit nie eers meer nodig om vir 'n ADSL-lyn aansoek te doen nie. Jy bestel net vir jou 'n Telkom-duif en siedaar, jy's aanlyn! Soos 'n kêreltjie een aand op 'n ander dorp vir my sê toe ek sy e-pos-adres vra:

"Nee wat Oom, ons het gehoor internet is op pad, maar ons het dan eers laasjaar skadunet hier gekry."

Maar wonder ek, sou Telkom genoeg duiwe vir ons almal hê? En wat van al die mis calls? Kan jy dink jy moet dalk een van die dae jou rekenaar kos en water gee en saans in 'n hok toesluit?

Nee wat, lyk my ons boer nou agteruit.

• Hierdie rubriek van Blouwillem het in Beeld verskyn en word met erkenning oorgeneem.

Daar verskyn weer 'n
KAMMANUUS
op 19 Oktober 2009